VERJAARSDAE 26 APRIL TOT 2 MEI 2009

04/26	BELINDA	MARTINS	KRUGERLN 112	Blok 3
04/26	BESSIE	DU PLESSIS	KRUGERLN 238B	Blok 1
04/26	JOHAN	BAUER	DF MALANLN 257	Blok 1
04/27	FRANCOIS	SMIT	DF MALANLN 223.	Blok 1
04/29	KONRAD	LÖTTER	KRUGERLN 73	Blok 3
04/30	HELEEN	VENTER	BETTYSTR 379	Blok 1
04/30	CARLA	FOURIE	HANS STRIJDOMLN 215A	Blok 2
05/01	HENNING	WESSELS	KRUGERLN 177	Blok 2
05/02	CHRISMIE	SCHOLTZ	DF MALANLN 255	Blok 1
05/02	RITA	CRAFFORD	HANS STRIJDOMLN 119	Blok 3

HUWELIKHERDENKINGS

Daar is geen huwelikherdenkings vir hierdie week op die databasis beskikbaar nie.

Indien u inligting (van watter aard ookal, nie verskyn nie, of foutief is, laat weet asseblief vir Max (664-3629).

Baie dankie.

FEESBUNDEL

Lidmate wat Feesbundels bestel het word versoek om dit asseblief **dringend** by Max af te haal by Krugerlaan 286, telefoon (012) 664-3629.

Die prys is R100 per eksemplaar.

Baie dankie.

Ned Geref Gemeente Lyttelton-Oos

FAMILIENUUS

Sondag, 26 April 2009

Hartlik welkom in die erediens vanoggend

Webtuiste: www.lytteltonoos.org.za

SONDAG, 26 APRIL
Deurkollekte Motorwag
09:00 Erediens

MAANDAG, 27 APRIL
Vryheidsdag
19:00 Droomspanbyeenkoms

WOENSDAG, 29 APRIL
17:00 Biduur

DONDERDAG, 30 APRIL
09:00 Bybelstudie Senior Lidmate
18:30 Alpha kursus

VRYDAG, 1 MEI
Werkersdag

SONDAG, 3 MEI
Deurkollekte Noodlenigingsfonds
09:00 Erediens:
(Voorbereiding)

MAANDAG, 4 MEI
19:00 Droomspanbyeenkoms

WOENSDAG, 6 MEI
17:00 Biduur

DONDERDAG, 7 MEI
09:00 Bybelstudie Senior Lidmate
18:30 Alpha-kursus

VRYDAG, 8 MEI
06:00-06:30:Stiltediens
18:00 OppiKoffie "Bash"
18:30 Emmaus-byeenkoms

SONDAG, 10 MEI
09:00 Nagmaal:
09:00 Kinderediense
18:00 Aanddiens
18:45 Kategese / Ouers kuier saam
17:30 Gesinne kuier / speel saam

NUWE INTREKKERS

Ons wil graag nuwe intrekkers ontmoet. Kom ons kry mekaar voor die kansel net na die diens vanoggend verby is.

VOORBIDDING

1. Apie en Karen Erasmus, Theodorestr 45, met Apie wie se broer hierdie week tragies oorlede is (Blok 1).
2. Frans en Rita Ackerman, Hans Strijdomln met Rita wat herstel ná 'n operasie verlede week (Blok 4).
3. Petrus en Priscilla Engelbrecht, Langebrinkweg 49b (met Petrus wat herstel ná 'n operasie verlede week (Blok 3).
4. Chris en Arina Liebenberg, Van Riebeeckln 81 met Chris wat siek is (Blok 4).
5. Bessie du Plessis, Krugerlaan 239(b) wat 'n ernstige operasie in die Kaap ondergaan het. Sy sterk by haar seun en skoondogter in die Kaap aan en dit gaan beter. Ons bid haar sterkte toe (Blok 1).
6. Tannie Joan Viljoen, Hans Strijdomln 204 wat sukkel met haar gesondheid dit nie goed gaan nie (Blok 2).
6. Willie en Tania Neü, Krugerln 250a met en Tania se moeder wat nog ernstig siek is (Blok 1)
7. Frik en Ané Strydom, Hofmeyrweg 15 met Ané wat nog sukkel met haar gesondheid (Blok 1).
8. Adolf Crafford, Hans Strijdomln 182 wat DV Junie/Julie 'n nieroorplan-ing ondergaan. (Blok 2) Ons vra voorbidding vir die hele gesin.

DIE GEBEDSBRIEF 12 : SONDAG 26 APRIL 2009

Goeie Môre Gemeente

Die koue is op ons! Maar gelukkig het ons God se Woord wat ons van binne baie warm kan maak, dan maak die elemente wat ons van buite af tref nie saak nie.

Hier volg nog 'n paar van God se beloftes soos dit aangeteken is in die Bybel. Hoop u het die eerste drie baie interessant gevind en kan dit in u gebede gebruik.

BELOFTES OOR VERLOSSING:

God het nie sy Seun na die wêreld toe gestuur om die wêreld te veroordeel nie, maar sodat die wêreld deur Hom gered kan word (Joh 3:17; Rom 10:9-10; Rom 10:13; Ef 2:8-9; 1 Tim 2:3-4; Heb 6:18).

BELOFTES OOR NUWE LEWE:

Iemand wat aan Christus behoort, is 'n nuwe mens. Die oue is verby, die nuwe het gekom (2 Kor 5:17; Joh10:10; 1 Pet 2:24; Gal 2:20; Rom 6:4; 1 Joh 3:9; 2 Kor 3:18; Eseg 32:26).

BELOFTES OOR VRYHEID:

En julle sal die waarheid ken en die waarheid sal julle vry maak ... as die Seun julle vry maak, sal julle waarlik vry wees. (Joh 8:32,36; Rom 6:14,22; Rom 8:1-2; 2 Kor 3:17; Hand 13:38).

BELOFTES OOR VERGIFNIS:

Maar as ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig, Hy vergewe ons ons sondes en reinig ons van alle ongeregtigheid (1 Joh 1:9; Ps 32:1-2; Jes 43:25; Ps 103:12; 1 Joh 2:12; Ef 1:7; Rom 8:33).

BELOFTES OOR REGVERDIGMAKING:

Christus was sonder sonde, maar God het Hom in ons plek as sondaar behandel sodat ons, deur ons eenheid met Christus, deur God vrygespreek kan wees (2 Kor 5:21; Rom 8:10; 1 Kor 1:30; Rom 3:21-22; Rom 4:4-5; Rom 5:17).

BELOFTES OOR DIE HEILIGE GEES:

As julle wat sleg is, dan weet om vir julle kinders goeie gawes te gee - die Vader in die hemel nog baie meer! Hy sal die Heilige Gees gee vir die wat vra (Luk11:13; Jes 44:3; Joh 14:16-17; Joh 16:7; Hand 1:8; Hand 2:38-39; Gal 4:6; Gal 3:14; 1 Joh 4:13; Matt 3:11; Eseg 36:27; Ef 1:13).

Woordwyser Bybelskool

Help elke gelowige Bybelleser om die Bybel beter te verstaan—'n "wyser" na die "Woord" toe.

Datum	Onderwerp	Aanbieder
16 Mei 2009	Hoe hoor ons God se stem in die evangelies?	Kobus Myburgh
20 Junie 2009	Hoe hoor ons God se stem wanneer ons die Sewende eeuse profete lees?	Willie van Heerden
25 Julie 2009	Hoe hoor ons God se stem wanneer ons Jeremia en Klaagliedere lees?	Wille van Heerden
12 September 2009	Hoe hoor ons God se stem wanneer ons Esegiël lees?	Gustav Claasen
17 Oktober 2009	Hoe hoor ons God se stem wanneer ons die Priestergeskrif en Deutero-Jesaja lees?	Fanie Cronjé
14 November 3009	Hoe hoor ons God se stem wanneer ons die Deuteronomis en die Ballingskapspsalms lees?	Willem Boshoff

08:00—12:00 In die gemeentesentrum

Die Bybel is God se Woord. Hy wil graag met ons deur sy Woord praat. Dit is een van die maniere waarop Hy met ons wil kommunikeer. Maar hoe kan ons onsself instel om God se stem te hoor wanneer ons die Bybel lees? Hoe weet ons dat ons nie maar net ons eie gedagtes inlees nie?

Koste: R50 (sluit kursusmateriaal in)

Om in te skryf kontak Freddie Schoeman 0845818139,
vul 'n terugvoervorm in

of stuur 'n e-pos aan lyttoos@mweb.co.za Jy kan ook op ons webblad registreer by http://www.lytteltonoos.org.za/nuus/woordwys2009.html

Die Bybelskool is 'n sinodale projek van die Oostelike Sinode. Let op dat dit geherstruktureer is

NUWE BOODSKAPREEKS
10 Mei—21 Junie 2009

Mekáár

Wat dit beteken om deel van 'n geloofsgesin te wees

[Deel van jaartema: Leef naby aan God—hoe om God se stem te hoor deur na mekaar te luister]

Temas:

10 Mei	Inleiding: Luister na God deur na mekaar te luister
17 Mei	Ons *vergewe* mekaar
24 Mei	Ons *versorg* mekaar
31 Mei	Ons *versterk* mekaar
7 Junie	Ons *verryk* mekaar
14 Junie	Ons *vervul* ons funksie
21 Junie	Viering

Die volgende sal beskikbaar wees en by die tema aansluit:

- Dagstukkies
- Kleingroepriglyne
- Huisgodsdiensriglyne

Watter soort kleingroep wil jy deel van wees?

Vriendskapsgroep * Omgeegroep * Bybelstudiegroep * Groeigroep * Bedieningsgroep * Dissipeskapsgroep

[Dui keuse op terugvoervorm aan]

BELOFTES OOR GELOOF IN GOD:

God het aan elkeen 'n maat van geloof toebedeel (Rom 12:3; Ef 2:8; Heb 11:6; Jak1:3; 1 Pet 1:7; Rom 1:17; 1 Joh 5:4; Mark 9:23; Ef 6:16; Joh. 20:29; Matt 21.21-22; 1 Joh 16:24).

BELOFTES OOR DIE WOORD:

Die hele Skrif is deur God geïnspireer en het groot waarde om in die waarheid te onderrig, dwaling te bestry, verkeerdhede reg te stel en 'n regte lewenswyse te kweek, sodat die man wat in diens van God staan, volkome voorberei en toegerus sal wees vir elke goeie werk (2 Tim 3:16-17; 1 Pet 1:25; Jes 40:8; Matt 4:4; Deut 29:29; Jos 1:8; Jes 55:11; Heb 4:12).

BELOFTES OOR VERLOSSING VAN DIE BOSE:

Die Here is getrou: Hy sal julle versterk en van die Bose bewaar (2 Tess 3:3; 2 Tim 4:18; Kol 1:13; Kol 2:15; 1 Joh 5:18; Rom 8:38-39; Ps 91:9-13; Heb 2:14-15).

BELOFTES OOR SY TEENWOORDIGHEID:

En onthou: Ek is by julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld (Matt 28:20; Jes 43:5; Jak 4:8; Joh 14:15-16; Matt 18:20; Ps 23:4; Heb 13:5).

Ek gaan hier ophou vir eers. Gee volgende week die res deur.

Gaan bestudeer hierdie verse uit die Bybel. Ek is seker van hulle ken u al baie goed, maar maak opnuut weer kennis met hulle. Bewaar dit in u hart en gebruik dit in u gebede. Ek kan nie vir u sê hoe ongelooflik dit werklik is om in Jesus se voetspore te loop nie. Dis 'n ervaring wat elkeen moet beleef. As u nog nie daardie absolute volkome oorgawe aan God gegee het nie, dis nooit te laat nie en dis wonderlik. Om al jou probleme en sorge, bekommernisse en vreugde in God se hande te plaas en werklik vry te wees, is die mees ongelooflikste ervaring.

Indien daar iemand is wat wil gesels of wil hê ons moet spesifiek vir jou bid of deur 'n baie moeilike tyd gaan, Skakel ons. Die hele gesprek en gebed en alles wat daarmee gepaard gaan word baie vertroulik hanteer.

Hoop om van u te hoor!!!

Christus Groete : Gebedspan

Madelaine Steyn: 0823542455
Retha Wessels : 0827720955
Mariana Strydom: 0824515811

Alpha

'n Geleentheid

om die betekenis
van die lewe te ontdek

23 Junie—22 September

Elke Donderdagaand om 18:30.

Kom vra jou vrae
Kom verken die terrein
van die geloof
Kom deel in die saamwees

Dui jou belangstelling op 'n terugvoervorm aan of skryf in op ons webblad by
http://www.lytteltonoos.org.za/inligting/alpha.htm

BELANGRIKE DATUMS HIERDIE JAAR:

- **19 September: PARKNAVAL**

(Ons jaarlikse groot feesgeleentheid wat ons vir ons gemeenskap reël)

- **9-11 Oktober: GEMEENTEKAMP**

'n Geleentheid om saam te kuier, lag en speel—vir 'n hele naweek lank!

VERKIES TOT DIAKEN

Op die kerkraadsvergadering van 15 April 2009 is verkies tot diaken -

Lezanne Janse van Rensburg, Smutsln 116.

Sal die gemeente asseblief vir haar voorbidding doen met die neem van hier-die besluit.

Ontdek jou Potensiaal

Saterdag 30 Mei 2009

08:00—16:00

'n Dag-seminaar om jou te help om jou talente te ontdek en te ontwikkel

JY IS UNIEK!

Elkeen van ons is geskape met 'n doel (Ef 2:10). Jy ook. Jou doel verskil van ander. Daarom het die Here jou uniek gevorm en ontsaglik baie in jou belê. Hy het jou toevertrou met gawes van onskatbare waarde. *Dit is egter 'n skat wat nie aan jou behoort nie—die Here het jou daarmee geseën ter wille van ander*. Jy moet dit egter ontwikkel en bestuur.

Hoe gaan ek te werk om my potensiaal te ontdek?

- Skryf in deur 'n sms aan 0845818139 of 'n e-pos aan lyttoos@mweb.co.za te stuur of skryf in op ons webblad by http://www.lytteltonoos.org.za/nuus/potensiaal2009.html
- Jy sal 'n boek ontvang waarin daar 'n kode is. Hierdie kode moet jy gebruik om op die internet 'n vraelys in te vul. Die vraelys word gebruik om jou vyf top talenttemas te ontdek. Jy sal 'n verslag ontvang wat jy moet uitdruk.
- Bring die verslag saam na die seminaar.

Koste: R290 per persoon, betaalbaar wanneer jy die boek ontvang.

Daar is ook nog twee ander geleenthede hierdie jaar:
29 Augustus 2009
7 November 2009

ROMMELVERKOPING

Ons rommelverkoping vir die verspreiding van Bybels vind plaas op ***DINSDAG, 5 MEI*** vanaf 06:30 die oggend.

Ons vra nou al dat u u kaste deurgaan en alles wat vir u in onbruik geraak het of oortollig is, deurgee aan Ria Maree, Fitzpatrickweg 21 (telefoon 664 3364) of Dries van der Merwe by Van Riebeecklaan 149 (664 2469). **ONTHOU ...** Wat vir u nie meer bruikbaar is nie, kan vir iemand anders van groot waarde wees. Daar is veral 'n behoefte aan linneware in die vorm van lakens, gordyne, ensovoorts. Komberse is natuurlik altyd welkom. Baie dankie byvoorbaat vir u bydraes.

Die prys van die Bybels het gestyg maar ons subsideer dit nog steeds uit hierdie fondse. Help ons asseblief!

BAIE BELANGRIK ... Ons soek hulp met die merk van die artikels op MAANDAG, 4 MEI in die gemeentesentrum vanaf 09:00.